

+DIE IMPAK VAN HIERDIE VORM VAN ONGELOOF

Dr. Breytenbach

1. Inleiding

Die impak van die hedendaagse deformatsie en ongeloof kan net gepeil word teen die agtergrond van die impak wat die Calvinistiese reformasie van die sestiende eeu op die kerk en die wêreld gehad het. In die ses Stone-lesings wat Abraham Kuyper in Oktober 1898 te Princeton gehou het, het hy 'n indrukwekkende oorsig gegee van die impak van die Calvinisme op die gebied van die religie, die staatkunde, die wetenskap en die kunste gemaak het. Die impak was moontlik omdat die Calvinisme die grondslae van die Protestantse hervorming verwerk het tot 'n insluitende en omvattende lewens- en wêreldbeskouing. Dit is in wese 'n teosentriese lewens- en wêreldbeskouing, want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge."

Die modernisme en sy kleintjie, die postmodernisme, is na sy aard ook 'n lewens- en wêreldbeskouing. Die baie gesigte van die hedendaagse, postmoderne deformatsie en gepaardgaande ongeloof maak dit moeilik om daaruit 'n enkele insluitende en omvattende lewens- en wêreldbeskouing te identifiseer. Tog bou al die verskillende beskouings op dieselfde fondament. In wese is die postmoderne uitsig op mens en wêreld 'n mensgesentreerde en naturalistiese beskouing. Die wortel van die naturalistiese humanisme voed die boom en die vrugte van die moderne deformatsie en ongeloof.

Wanneer die kerk apologeties teen die nuwe ongeloof en deformatsie te staan kom, kom die kerk in die kern van die saak nie te staan teen 'n ander Skrifbeskouing of belydenis of slegs 'n alternatiewe vorm van geloof nie. Tussen geloof en ongeloof is daar nie net 'n graadverskil nie; tussen reformasie en die nuwe deformatsie is daar geen gemeenskaplike gronde nie. In die vertrekpunt, by die voorverstaan is daar reeds 'n diepliggende aardverskil. Dit is die verskil in lewens- en wêreldbeskouing. Vir die kerklike apologie het dit ingrypende implikasies.

Lewens- en wêreldbeskouing is egter nie 'n blote persoonlike keuse wat 'n mens maak en op enige gegewe oomblik sonder meer kan verander nie. Uit die Duitse taalwêreld het ons die woord "tydsgees" oorgeneem. Met tydsgees word in die voordrag die bowe-individuele denkstroom bedoel wat in 'n bepaalde tydvak die heersende denkmodes is. Die tydsgees word weerspieël in die kultuur van daardie tyd. Dit word gevoed en selfs gevorm deur die denkers, die skrywers, die kunstenaars en wat ons kan noem die openbare meningsvormers. Die tydsgees oefen 'n besliste invloed uit en vorm selfs onbewustelik die lewens- en wêreldbeskouing van die enkeling in 'n samelewing.

Die Calvinisme het 'n baie sterk vormende invloed gehad op die tydsgees van die sestiende en sewentiende eeu in die gewestes waar dit gevestig is; 'n invloed wat deur die nadere reformasie ook in die agtiende en in Suid-Afrika selfs tot in die twintigste eeu nagewerk het. Deurentyd het die Calvinisme egter in stryd gekom met die invloed van die naturalistiese humanisme en, tot sy eie nadeel, die invloed daarvan die in eie geleedere vormend laat inwerk. Die impak van die deformatsie en die nuwe ongeloof loop hand aan hand met die prysgawe van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing in kerk en wêreld.

Die impak van die deformatsie van ons dag is omvattend. Dit raak die beskawing waavan ons deel is; die wêreld waarin ons leef; die christendom en christelike kerk in sy geheel en die gereformeerde kerke

waarvan ons een is. Daar is nie ruimte in hierdie voordrag om selfs net die kontoere van die impak wat dit in geheel het aan te toon nie. Daarom sal net enkele lyne getrek word om te toon hoe ingrypend die impak op die wêreld en die christendom is. Daarna sal die hooflyne van die impak op die gereformeerde kerke en ook ons eie kerkverband aangetoon word.

2. Die impak van hierdie ongeloof op die wêreld.

Die christelike geloof het 'n diepgaande vormende invloed uitgeoefen op die Westerse beskawing. Vanaf ongeveer die vyfde eeu nC kan dit getipeer word as 'n christelike beskawing en 'n christelike wêreld. Dit is nie sonder rede dat daar deesdae gepraat word van die post-christelike Westerse wêreld nie. Die impak daarvan is diepgrypend.

Die ernstigste impak van die nuwe ongeloof is die Godsverduistering waaraan die Westerse beskawing ly. Die naturalistiese humanisme ontken die bestaan van God, of is agnosties en op sy meeste deïsties as daar nog enigszins erkenning van 'n godheid is. Die wêreldbeeld van die nuwe ongeloof is 'n geslote wêreldbeeld: sonder hemel of hel is daar niks buite of bo die skepping nie. Daarom is daar ook geen lewe of hoop na die dood nie. Al wat is, is die skepping waarvan die mens 'n toevallige deel is, 'n deel wat nou bestaan maar wat in die natuurlike stryd om die oorlewing van die sterkste geen blywende toekoms het nie. More kan 'n mens en die mensdom ophou om daar te wees ... Sonder God leef ons in 'n toekomslose en uitsiglose wêreld. Die panenteïsme van die Nuwe Hervorming bied geen werklike hoop of uitsig nie. In sy omdigting van Psalm 23 sluit Hansie Wolmarans af met: "Ek weet, solank ek lewe, sal die aarde vir my sorg. Daarom is ek tuis in die heelal nou en vir altyd." Die gefluit langs die kerkhof bied nóg hoop, nóg uitsig, nóg 'n houdbare lewensoriëntering.

Die apostel Paulus ken 'n mens nogal beter as die digter. Want die lewenshouding van die Westerse beskawing in sy Godsverduistering is veel meer een van: Laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons. Die lewenshouding blyk duidelik uit die gebrek aan vaste etiese norme in die samelewing. Terwyl daar aan die een kant vanuit die nuwe ongeloof selfs aktivisties propaganda gemaak word vir die beskerming en behoud van die natuurlewe en die ekologie, word in dieselfde asem soortgelyke propaganda gemaak vir die moord op duisende ongebore babas deur aborsie. Wetgewing verbied dat 'n hondjie se stert afgekap word, maar daar mag geen verbod wees daarop dat 'n hele samelewing vermink word deur pornografie nie.

Die impak van die Godsverduistering op die staatkunde en die wetenskap is enorm groot. Sonder God, is daar geen verantwoording aan 'n hoër gesag vir die staatsman nie. Daarom het politiek 'n bedryf geword sonder ideaal; 'n bedryf van selfverheerliking; selfbevoorregting; selfhandhawing teen elke prys. Politiek is die kroonrat van die samelewing, het wyle Jaap Marais dikwels gesê. Maar as die kroonrat sedeloos selfsugtig geword het, hoe sal die samelewing anders daar uitsien? Hierdie selfsug word miskien die beste weerspieël in die manier waarop dit wat in die toegepaste wetenskap moontlik is, sonder etiese remme in die praktyk omgesit word. Hier kan maar net gedink word aan dinge soos genetiese manipulasie van voedsel; kloning; die gebruik van die ruimte as 'n slagveld; wapens van massa-vernietiging, en veel meer.

Die verduistering van God as gevolg van die deformasie slaan die boom uit onder alle vaste norme en waardes. Die christelike etiek steun op die besef dat God die Skepper en die Eienaar is wat reg het om sy wil te laat geld. In die grond van die saak is Hy die Een wat aan die christelike beskawing sy norme leer,

en die waardes van die samelewing bou daarop. Sonder vaste norme kan beswaarlik anders as dat die beskawing sal verwilder. Prof Piet Dreyer het by geleentheid gesê dat 'n beskawing sonder waardes 'n waardelose beskawing is. Maar wie sal vaste norme kan neerlê in 'n wêreld wat oortuig is dat daar geen vaste norme bestaan nie en dat elkeen sy eie waardes moet bepaal, omdat daar geen gesag bo en buite die mens is nie? Die impak van die deformatsie op die Westerse beskawing is dat dit vir ons die erfenis nalaat van 'n waardelose beskawing.

3. Die impak van die nuwe ongeloof op die christendom

Die kerk is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Die nuwe ongeloof ken egter nie enigiets buite die wêreld nie. Die christendom is nie net blootgestel aan die naturalisties-humanistiese lewens- en wêreldbeskouing van die deformatsie nie, maar groot dele van die christendom word ingrypend daardeur beïnvloed om van die wêreld te word. Wie immers oortuig is daarvan dat daar niks anders is as net hierdie wêreld nie, kan nie anders as om ook van hierdie wêreld te wees nie.

In die verband kan gewys word op die impak op drie terreine wat hom oral in die christendom voordoen waar die deformatsie posgevat het. Die sogenaamde Jesus Seminar reken dat hulle finaal met die Godheid van Jesus Christus afgereken het. Jesus was net 'n mens en niks meer nie. Nadat alles rondom Jesus gedemitologiseer is, bly daar niks oor van sy wonders; sy plaasvervangende lyding; sy maagdelike geboorte of sy opstanding uit die dood nie. Dat Hy die ewige Seun van God is, is niks anders nie as net metaforiese of mitologiese spreke, wat niks met die werklikheid te make het nie. Hulle is in 'n sekere sin mostert na die maal.

Reeds in die sestigerjare het teoloë soos JAT Robinson, Dorothy Sölle; J Moltmann en vele ander 'n christendom sonder God en sonder Christus verwoord. Dit is die absurde impak van die deformatsie: 'n christendom sonder Christus; 'n christelike godsdiens sonder God! Dit beteken dat die christendom voluit van die wêreld geword het; dat die mens vir hom 'n god na sy beeld geskep het. Dié god is maar net mens – met hoofletters.

Maar watter funksie het so 'n christendom van die wêreld vir die wêreld? Die evangelie van Jesus Christus sonder Christus en sonder God maak immers geen sin nie, en die opdrag om dit te verkondig sodat mense tot geloof mag kom, is sinneloos. Nou is dit merkwaardig hoe die woord geloof binne die gedeformeerde christendom in onbruik geraak het. Die christendom van die wêreld bied niks anders aan nie as 'n vorm van spiritualiteit. Dit staan naas alle ander vorme van spiritualiteit en het dieselfde waarde. Dit is net een manier waarop die mens sy spirituele behoeftes kan bevredig. Dit is niks beter nie, niks meer nie en ook nie eintlik anders as enige ander godsdiens nie. Daarom is daar binne hierdie soort christendom geen probleem met sinkretisme nie. Trouens, die spiritualiteit van die nuwe paganisme, Boeddhisme, tweede eeuse gnostisisme en ander is vir die spiritualiteit van die deformatsie nie net aanvaarbaar nie, maar selfs 'n leerskool. Dit is in die lewe van die mens wat op hierdie soektog na egte spiritualiteit volgens Piet Muller die "innerlike stryd gestry en geestelike heelheid en volwassenheid bereik het dat die numeuse, die goddelike krag en teenwoordigheid, in alle aspekte van [sy] lewe sigbaar sal word: Soos Jesus dit in vers 77 van die Thomasevangelie stel: *Kap hout en ek is daar; tel 'n klip op en jy sal my vind*". Die rol van die christendom is dan, volgens Muller, om die sielkundige van die wêreld te wees en mense tot heelheid te lei. En dit sonder die Drie-enige God; dit met die god van hout en klip.

Dat die soort spiritualiteitsbevrediging darem 'n bietjie yl is om die christendom te dra, word deur die deformatsie besef. Daarom word daar in die plek van die geloof in Jesus Christus naas die bevrediging van 'n spirituele behoefte die bevordering van die Jesus-saak gestel. In die plek van die Drie-Enige God en veral in die plek van gelowige gehoorsaamheid aan Jesus Christus, word diensbaarheid aan die Jesus-saak die bestaansrede van die christendom. Wat en hoe die Jesus-saak gedefinieer moet word, is nie so maklik uit te maak nie. Dit moet iets wees soos die strewe na 'n nie-diskriminerende, nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese samelewing waarin die christelike kerk as die diaken van die wêreld optree om aan die behoeftes van die armes, uitgestotenes en agtergeblewenes te voorsien, as Van Eck reg verstaan word. Die christendom is daar om hier en nou 'n verskil te maak, want sonder hemel, hel, God en ewigheid is daar niks anderkant die hier en nou nie. Hansie Wolmarans stel dit pront: Dit reik nie na verlossing eendag nie, maar streef om die hemel hier op aarde te help bewerkstellig.

Die impak van die deformatsie op die christendom is afskuwelik: dit maak die Bruid van Christus op aarde die prostituut van die wêreld.

4. Die impak van die deformatsie op die gereformeerde kerke.

In die gereformeerde teologie is daar 'n duidelike lyn van die God van die Woord na die Woord van God na die belydenisgeskrifte, die kerkorde, die liturgie en die lewenswandel van die gelowige. God is die God wat Hom openbaar in sy Woord; wat bo en buite sy skepping God is van ewigheid tot ewigheid. Ons ken Hom slegs omdat Hy Hom in sy Woord aan ons bekend gemaak het. Die Woord is vir ons oorgelewer in die Heilige Skrif – daarom is dit die Woord van God. Wat die Skrif ons aangaande God en sy heilswerk leer, is saamgevat in die belydenisgeskrifte, en die geskrifte is en moet in ooreenstemming wees met God se Woord. Oor sy kerk regeer Christus as Hoof deur sy Gees en Woord. Daarom is die kerkorde niks anders nie as 'n verpraktisering van die voorskrifte en riglyne van die Skrif, om so die Christusregering oor die kerk gestalte te gee. Ook die liturgie en erediens is nie blootgetel aan menslike willekeur nie: in sy Woord gee God self die voorskrifte en die riglyne van die regte diens aan Hom en tot sy eer. In alle dinge, ook die daaglikse handel en wandel van die gelowige, moet geleef word tot eer van God in gehoorsaamheid aan sy Woord. Teosentries gerig leef die kerk en die gelowige uit die genade van God, voor die aangesig van God en tot eer van God.

Die mensgesentreerde deformatsie verbreek hierdie lyn. Die eselskakebeen waarmee die deformatsie sy duisende verslaan het en steeds verslaan, is Skrifbeskouing. Sonder die Heilige Skrif as die geopenbaarde Woord van God staan die kerk en die gelowige weerloos voor die aanslag van die naturalistiese humanisme. Die aanslag van die deformatsie op die Heilige Skrif is goed bekend en word in een van die ander voordragte nader bekyk. Hier word volstaan met enkele opmerkings oor die impak daarvan op die kerk.

Omdat 'n mens niks van God kan weet as Hy Hom nie aan ons bekend maak nie, word alle ware kennis van God in beginsel onmoontlik indien die Skrif nie die geopenbaarde Woord van God is nie. In die nuwe deformatsie word die Skrif gesien as die uitsprake van mense oor God of soms as die belewenisse van mense van of met God. Daarom het die Skrif geen ander gesag as dit wat die enkele mens daaraan toeken of vir homself toe-eien nie. Aan die Skrif is niks uniek nie – dit staan op dieselfde vlak as enige ander geskrif, tradisie of belewenis van God.

In die teologiese fakulteite van die drie sogenaamde susterskerke word hierdie Skrifbeskouing nie net deur dosente aanvaar nie, maar ook geleer. In die openbare media word die Skrifbeskouing in talle debatte gepropageer as die sogenaamde “wetenskaplike omgang met die Skrif”. Dit bring mee dat die gesag van die Skrif uitgelewer word aan die willekeur van die mens wat met die Skrif omgaan. Maar dit het ook tot gevolg dat die Skrif vir die gewone gelowige ontoeganklik raak, omdat die sogenaamde wetenskaplike en regte verstaan van die Skrif ‘n moeilike tegniese onderneming word wat net deur die kundiges bedryf kan word. Dink maar ‘n oomblik hoe die Skrif hanteer is en hanteer word in die sinodale rapporte en debatte oor byvoorbeeld die volkseie kerk; die vrou in die amp en homoseksualisme. Skrifkrities word ‘n Skrifuitspraak een oomblik hanteer as ‘n kultuuroorblyfsel; dan weer as ‘n stuk gemeenteteologie beoordeel; dan is dit weer ‘n metafoor; en so word die uiterste verwarring gesaai oor wat die Skrif sê. Daarmee verloor die Skrif sy gesag, omdat dit nie Woord van God is nie, maar mensewoorde.

Moenie dink dat hierdie verwarring nie deurdring tot gelowiges in A P Kerkverband nie. Daar is ‘n gebrek aan kennis van die Skrif onder lidmate. Omdat hulle die debatte in die openbare media volg, word hulle self dikwels die slagoffers van die verwarrende uitsprake oor die Skrif en betwyfel hulle self naderhand die gesag van die Woord.

Waar die Woord van God verloor is, word die God van die Woord ook mettertyd verloor. Aan die teologiese fakulteite is daar hoogleraars wat God nie langer ken as ‘n persoon of ‘n persoonlike God nie. Die Bybelse Godsbeeld, waar die heiligheid, die almag en die soewereiniteit van God die primêre motiewe is waarteen sy barmhartigheid, sy genade en sy liefde verstaan moet word, word in die deformatsie gedeformeer tot ‘n Godsbeeld wat deur die mens uitgedink word. Talle gelowiges van gereformeerde oortuiging, ook binne die A P Kerkverband, word daardeur beïnvloed. Miskien het u ook al by goeie, gawe lidmate die positiewe lofprysing gehoor op die boekie *The Shack*, met sy vertekende beeld van die Drie-Enige God. Die stryd om die Messiaanse verwysings in die Ou Testament in die vertaling van die Bybel met hoofletters aan te dui, het alles te make met die standpunt dat die Ou Testament nie na Jesus verwys of oor Hom getuig nie. Daarmee word die Ou Testament vir die gereformeerde kerke, soos vir die ketter Marcion, prakties uit die Bybel gehaal as God se Woord, en ‘n valse onderskeid gemaak tussen die God van die Ou en die Nuwe Testament. Ten slotte is dit ook in A P Kerkverband so dat die Godsbeeld van die Skrif vir talle gelowiges verskraal word tot die beeld van ‘n Versorger, Beskermer, Gewer van alle goeie dinge, wat alles verstaan en goedkeur wat ‘n mens doen en Een wat tog te bly moet wees dat ons nog met Hom reken.

Wanneer die gereformeerde lyn verbreek word, sodat die Godsbeeld van die Skrif verduister en die Woord van God sy gesag verloor, maak dit ‘n vernietigende impak op die lewe van die kerk. Die eerste ding wat in die deformatsie in die slag bly, is die kerklike tug. Die enkeling-gelowige word die enigste maatstaf vir optrede – die eer van God en die heil van die gemeente skuif ver op die agtergrond. Wie van u het dit nie al gehoor nie: die kerk het niks oor my te sê nie of : die tug dryf mense weg uit die kerk. Verskynsels wat in die samelewing aanvaarbaar geword het, moet meteens ook deur die kerk aanvaar word. Die postmoderne stelreël dat daar geen absolute waarheid en geen absolute norm bestaan nie, maar dat elkeen se eie waarheid en norme vir hom geldig is, maak die kerklike tug onmoontlik. Waar die kerlike tug verwaarloos of verontagsaam word, voed die kerk self hierdie ongeloof.

Die tweede ding wat in die deformatsie van die kerk aan menslike voorkeur en willekeur uitgelewer word, is die Skrifgefundeerde liturgie. ‘n Mens kan ‘n hele voordrag aan die onderwerp wy, maar hier

word net op drie dinge gewys om aan te toon hoe die lyn van die Skrif na die liturgie verbreek word. Die eerste is die merkwaardige manier waarop die bediening van die Nagmaal hanteer word. In APKerkverband is daar skynbaar ook 'n groot stuk onduidelikheid oor die viering van die Nagmaal. Onlangs is weer verneem van 'n A P Kerk waar lidmate van die AGS toegelaat is om aan die tafel van die Here aan te sit "want hulle is goeie gelowiges". Daar word nie oor die saak gedink vanuit die Skrif, belydenisgeskrifte of kerkorde nie – daar word bloot gevra na die mens wat die begeerte het om aan die Nagmaal deel te neem. Dit is ook die soort denke wat 'n predikant in een van die sogenaamde susterskerke daartoe verlei het om die Nagmaal met koekies en rooi koeldrank aan te bied, "want dit is feestelik". En die reaksie uit die gemeente was positief, want dit was so mooi en lekker. Die tweede is die verdwyning van die kansel as die sentrale punt in die kerkgebou en die liturgie ter wille van die verhoog en die orkes. Selfs in A P Kerkverband is al gehoor dat die jong mense nie van die erediens hou nie, omdat daar te veel gepreek en te min gesing word. En dan moet dit natuurlik allerlei populêre liedjies wees wat gesing word, verkieslik in Engels. Weer spreek die tydsgees baie hard in die soort denke: nie wat God wil nie, maar wat vir ons lekker is. Daarmee saam moet 'n mens die willekeurige gebruik van die allerlei formuliere, vreemde belydenisse, eienaardige optredes en die verdwyning van Skriflesing, wet en belydenis, as intergrale deel van die erediens, noem. Dit nie omdat dit uit die Skrif afgelei word nie, maar omdat dit mense aanstaan of nie aanstaan nie. Die derde, en miskien ernstigste impak van die nuwe ongeloof op die liturgie, is die onderwaardering van die prediking as uitleg en toepassing van die Woord. Die preek moet verkieslik al minder tyd in die erediens opneem en dit moet meer van 'n moraallesie of motiveringspraatjie wees as uitleg van die Woord. Die sogenaamde narratiewe prediking, waar die Skrif en preek aangebied word as 'n storie, is skynbaar die aanvaarbaarste manier van preek. Die preek word nie meer gesien as 'n woord waarvan gesê word: "So spreek die Here" nie, maar: "So dink ek".

Oor die impak van die nuwe ongeloof op die plek van die kerkorde binne die kerk hoef daar nie veel gesê te word nie. Die onmin en die skeuring binne die Ned Herv Kerk en die willekeur en onrus binne die N G Kerk is 'n aanskouingsles van kerkverbande wat hulle nie deur Christus deur sy Gees en Woord laat regeer nie, maar deur menslike strewes. Ongelukkig geld dit ook binne die A P Kerkverband: predikante, ouderlinge, diakens en lidmate laat hulle in hulle optredes dikwels veel eerder lei deur hulle eie insigte, voorkeure, wense en wille as deur die kerkorde, die Woord en die Gees. Die kerkvernietigende impak daarvan dat daar in die ordelike lewe van die kerk mensgesentreerd eerder as Godgesentreerd gedink word, is miskien die hartseerste gevolg van deformasie op die kerk. Tog is dit te verstane dat in 'n tyd waarin die hoogste gesag elke mens se eie opinie is, die gesag van 'n kerkorde en selfs die gesag van Jesus Christus wat oor sy kerk regeer, nie erken sal word nie.

Die impak van deformasie op die belydenisgeskrifte van die kerk het 'n ingrypende verwarring op die geloof tot gevolg. Die geloof in die Drie-enige God is nie, en was nooit, 'n blinde geloof nie. Die geloofsbesinning wat neerslag gevind het in die reformatoriese belydenisgeskrifte, in besonder in die Drie Formuliere van Eenheid, verteenwoordig 'n suiwer, sober en vatbare verwoording van die hoofsake van die inhoud van die christelike geloof, soos dit in die Heilige Skrif gebied word.

Die invalshoek van die deformasie, wat uitdrukking vind in die vervorming van kerkorde, liturgie en geloofslewe, is die ondermyning van die belydenisgeskrifte. Reeds in die agtiende en negentiende eeu is die belydenisgeskrifte uit die modernistiese hoek aangeval. In die hedendaagse teologiese debat word die belydenisgeskrifte nie net onderwaardeer nie, maar grootliks geïgnoreer. Die impak daarvan op die

kerk is verreikend. Dit maak die deur oop vir die dwaalleer wat aan teologiese fakulteite geleer en verdra word; in die kerk verkondig en praktyk word; deur lidmate aanvaar en uitgeleef word.

5. Slotsom

Die impak van die deformatsie op die wêreld, die christendom en die gereformeerde kerke is diepgrypend. Dit takel die gesag van God oor sy wêreld en sy kerk af – en die ontkenning van God se gesag is die wortel van sekularisasie, die groot woord vir verwêreldliking. Dit is egter nie so nuut nie: die wêreld- en lewensbeskouing wat daaraan ten grondslag lê, is die ou-ou leuen van die duiwel in die paradys. Dit is die leuen dat 'n mensgesentreerde lewe ons as mense sal verhef om self soos God te word. Die impak van die leuen op die wêreld en die kerk is steeds dieselfde as op Adam en Eva: wie die vrug eet, sal sekerlik sterwe.